



# Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.*

*Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 10 NOVEMBER 2019**

**OGGEND 09:00**

**GOD GEE IN OORVLOED SODAT ONS BLYMOEDIG KAN GEE**

**Skriflesing:**

Ons almal wil een of ander tyd ons goeie werke gebruik as regverdiging. Maar dit beteken niks in God se oë nie. Ons moet God liefhê. Dit is wat God vra.

- God is vrygewig

Daar sal van die mens niks oor wees as die Here suinig was nie. Hy is vrygewig en sorg vir ons deur sy genade.

- God het ons vrygewig geskep

God het ons na sy beeld geskep, daarom het ons ook die oproep om daaglik te vernuwe om te word wat God ons gemaak het om te wees.

- Gee blymoedig

Daar is geen groter voorreg as om die evangelie fisies te beleef nie. Wanneer ons gee, stel ons ander in staat om dit so te beleef dat die eer alleen die Here toekom.

**AANDBYEENKOMS 18:00**

**GOD EN DIE WETENSKAP**

Die Here verseker ons dat Hy ons in die moederskoot aanmekaargeweef het – ons gesels saam oor die Here se skeppingshand veral met die fokus op genetica.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### AAN DIENS

#### Ouderlinge

Coenraad Labuschagne, Fanie vd Merwe

#### Diakens

Martinus Beumer, Marie Oliver

### KOLLEKTES

#### Onder die erediens vir Diakonale Kas

Vandag – Sending/Evangelisasie  
17 November – Instandhouding van erediens

### BELANGRIKE DATUMS VIR NOVEMBER

Vandag. Ouderlingvergadering  
17 Nov. Belydenisaflegging en  
Diakonievergadering  
24 Nov. Kersprogram en Nagmaal

### KONTAK ONS

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



facebook.com/GKTrinitas

**Kerkkantoor:** Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0711032110

**Koster:** Elsa Prinsloo 0794778699

**Kassier:** Emil Janeke 0798725286

**Afloskoster:** Vakant

**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841

#### Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark  
Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

#### Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

**Predikant:** Peter Venter

☎0797338778, peter@gktrinitas.co.za



Besoek GK Trinitas se facebook-blad  
weekliks vir preekopsommings,  
GKSA nuus en afkondigings.

### KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 3 jaar tot graad 4 is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Petra Tromp: ☎0823316151.



### JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

### LIEF EN LEED

- Jan Swanepoel ☎0828422592 sterk tuis aan na sy operasie. Hy verduur nog baie pyn.
- Charlene Visser ☎0825188432 is in Emf. Medi-Clinic opgeneem met nierinfeksie.
- Marie Hangelbroek ☎0810722914 is in ICU Emf. Medi-Clinic opgeneem met 'n elektrolietwanbalans.
- Chrissie van Jaarsveld ☎0724992436 is in Emf. Medi-Clinic opgeneem en ondergaan Maandag 'n heupvervanging.

**Voorbidding word vir alle lidmate gevra wat met pyn en beproewings worstel.**

### SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Kontak James en Toetie Terblanche

☎0825723328 en ☎0718721741.

### VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

|       |                   |             |
|-------|-------------------|-------------|
| 11/11 | Heinrich Steffen  | ☎0824119381 |
| 12/11 | Wimpie Grobler    | ☎0824418490 |
| 13/11 | Sina Coetzee      | ☎0763149616 |
| 13/11 | Jason Greeff      | ☎0169824318 |
| 13/11 | Letitia Nieuwoudt | ☎0825640218 |
| 13/11 | Daan Nortjé       | ☎0828949066 |
| 14/11 | Elaine Coetzee    | ☎0715367327 |
| 15/11 | Eric Kuschke      | ☎0169333050 |

### SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

## HUWELIKSHERDENKINGS

|         |  |         |
|---------|--|---------|
| 10 Nov. | Dewald en Jenny Pieters<br>☎0832582314     | 35 jaar |
| 14 Nov. | George en Letitia Nieuwoudt<br>☎0825640218 | 38 jaar |
| 15 Nov. | Willie en Sandra Muller<br>☎0724065395     | 5 jaar  |

## GEHOORAPPARATE

Agter in die kerk onder die trap. Vra gerus die klankman vir hulp.

## NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel.

## DIENSGROEPE

In die saal is daar plakkate met inligting. 'n Inligtingsboekie verskyn binnekort.

## TEESKINK

Vanoggend skink Anne-Marie Snyman se groepie. Volgende Sondag met Belydenisaflegging skink Elize du Plessis se groepie. Hestie Venter ☎0836498372 is die sameroeper.

## TRINITAS-BOEKHOEK

Verskeie boeke is beskikbaar agter in die saal om tuis te gaan lees. Franciska v.d. Merwe ☎0827818032.

## EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman ☎0834681035,  
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of  
Christa Snyman ☎0798779882.

## ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Gert Visser ☎0834491036. Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

## DR. FRANS MINNIE

Afsprake kan deur die kerkkantoor gemaak word met Dr. Minnie (pastorale berader) **Maandae** by die kerk vir lidmate van Geref. gemeentes. Donasies: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

## KOSPAKKIE DIENSGROEP

Kospakkies word maandeliks gepak en uitgedeel. Verskeie droë bestanddele en toiletware kan geskenk word of jy kan 'n **kospakkie borg @R200 (wat alles insluit)**. Jolani Lourens ☎0823359586.



Bied praktiese hulp vir verswakke of bejaarde lidmate, en enkellopende dames. NF van Tonder ☎0823356698.

## DANKBAARHEIDSFONDS: VRYGEWIGE GENADE!

Ons is 'n *Verloste Familie Diensknegte wat Gestuur* is om die evangelie te bedien. Ons begroting en uitgawes mik om dit te laat gebeur. Ons wil ons huidige begroting laat werk, maar ook groter dinge aanpak waarvoor die Here ons in die toekoms mag roep. Ons vra vrymoedig dat almal wat Trinitas as hulle geestelike tuiste sien finansieel sal bydra tot hierdie dankbaarheidsfonds, groot of klein. Hierdie bydrae tot die dankbaarheids-fonds is addisioneel tot die maandelikse bydrae wat reeds gegee word. Enige bydraes kan direk in die kerk se rekening betaal word of in die kollekesakkies geplaas word. Merk dit duidelik 'dankbaarheidsfonds'. Ons fokus in Oktober- en Novembermaande hierop, maar u is natuurlik welkom om enige tyd van die jaar tot die fonds by te dra.

## TRINITAS WHATSAPP-GROEP

Trinitas se WhatsApp-groep versprei vinnig nuus, gebeure, lief en leed en gaan mettertyd ons SMS-stelsel vervang. Stuur jou naam en nommer aan Maureen van Helden ☎0823922093 indien jy nog nie op die groep is nie.

## OP DIE KENNISGEWINGBORD

- GKSA nuus, Feba Radio, Geopende Deure, Verblyf NWU Potchkampus, Jeugkampe vir 2020, Eerstejaarskampe: GK Brooklyn, GK Cachet, GK Stellenbosch

## BEROEPE AANVAAR

- Ds. RA Bain (Ronald) van GK Potchefstroom na GK Oranjerivier
- Ds. MH Le Roux (Marco) van GK Newcastle na Reitz/Lindley-kombinasie

## BEROEPE BEDANK

- Ds. RA Bain (Ronald) van GK Potchefstroom na GK Pretoria

## LOTUSLANDERS

Die laaste byeenkoms vir die jaar vind op 12 November plaas om 09:30. 'n Ligte ontbyt word beplan te Offenbach's Koffiewinkel. Die adres is Offenbachstraat 35, reg agter die nuwe SPUR. Ons sien daarna uit om die jaar met dankbaarheid af te sluit en almal daar te sien. Ander belangstellendes is hartlik welkom. Babsie ☎0836505227.

## BYBELSTUDIE-AFSLUITING

Die Woensdagoggend Bybelstudiegroep se afsluiting vind plaas op Woensdag, 27 Nov. om 09:00 by die kerk. Bring asb. 'n bordjie eetgoed saam. Baie dankie. Babsie ☎0836505227

## KLEIN ADVERTENSIES

- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop 'n verskeidenheid produkte.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.
- Adri Geere ☎0769592923 benodig admin, sekretariële of kassierwerk.
- Offenbach's is oop op Dinsdae tot Vrydae, 09:00 tot 17:00. Franciska vd Merwe ☎0825167653.

## DESEMBER KOSPAKKIES

Lekkergoed en koekies word benodig vir die Desemberkospakkie. Daar word op Woensdag, 27 November vir die laaste keer die jaar gepak. Dit kan solank kerk toe gebring word. Baie dankie, Jolani Lourens ☎0823359586 .



## DROOGTEHULP

Enige skenkings ten bate van droogtehelp kan by die kerk afgegee word. (Klere, komberse, skoonmaak-produkte, nie-bederfbare kruideniers, persoonlike sanitêre produkte, kontantbydraes en bederfbokse vir die vroue.) Kontak gerus vir Catharina Botes ☎0823350100 en 0169335514 of kyk op ons WhatsApp-groep vir meer inligting. GEEN water nie.

## **NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS**

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daaroor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels!

Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (KO Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kringe kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

*Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.*

Indien jy vriende of familie het wat nie lidmate van Trinitas is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme hiervan aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
  - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
  - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
  - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laaste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.

## **Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas**

### **Huisgodsdienstgelyd**

11-17 November

Lees saam: Matteus 13:44-46

#### **Agtergrond:**

Waarde – Sekere dinge het 'n finansiële waarde, terwyl ander goed sentimentele waarde het. Sommige goed het 'n geldwaarde en dit kan jy gebruik om mee handel te dryf. Wanneer ons iets dan beskryf as van onskatbare waarde, beteken dit dat geen geld dit kan koop nie. Dit is juis hierdie gedagte wat Jesus uitlig wanneer Hy die koninkryk beskryf. 'n Kosbare geskenk wat jy nie kan meet met geld nie.

#### **Vrae:**

- Waarom sal iemand die skat weer begrawe as hy hom gekry het?
- Waarom sal iemand al sy besittings verkoop om die skat/pêrel te bekom?
- Op watter manier is die koninkryk van onskatbare waarde?

#### **Bid:**

- Dank God vir die waardevolle koninkryk.
- Dank God vir die duur prys wat Christus betaal het.
- Dank God vir sy gratis genade.

#### **Sing saam:**

Ps. 116:1

God het ek lief, want die getroue HEER  
hoor na my stem uit vrye welbehae;  
ek roep Hom aan in al my lewensdae,  
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.



